HESSEQUA Municipality Munisipaliteit
NEWS-LETTER / NUUSBRIEF

Issue / Uitgawe: 9
April / April 2012

Boodskap vanaf die BURGEMEESTER/ Message from the Mayor

Beste Inwoner / Dear Resident

We have spent days in compiling an affordable budget for the next three to five years. We feel quite satisfied that we will meet the expectations of our rate payers. Please attend the Mayoral Outreach budget sessions during April.

The alternative energy projects the municipality has been working on, have been well received by SALGA (South African Local Government Association) as well as Provincial Government. A delegation visited our area in March and we trust that this will lead to support in more than one way. We are way ahead in our endeavours and other municipalities are also interested in learning from our successes.

Mnr Johan Jacobs het die pos as Munisipale Bestuurder aanvaar teen dieselfde salaris as tans en sal die finale prestasie kontrak binnekort gefinaliseer word. Daar sal 'n paar aanpassings op die personeelstruktuur plaasvind en sal die nuwe organigram eersdaags goedgekeur word.

Mnr Etienne Steyn het 'n groot hartomleidingsoperasie ondergaan en vertrou ons dat hy spoedig weer op die been sal wees. Mnr Wesso neem waar as bestuurder met die hulp van die superintendente op verskeie dorpe.
Dankie aan elkeen wat poog om ons munisipale area te verfraai en skoon te hou. Dit moet elkeen se strewe en trots wees om deel te wees van 'n gesonde, skoon en rommelvrye omgewing .

Groete/Regards

EMOR NEL
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor

WATER RESTRICTIONS: RIVERSDALE, HEIDELBERG, SLANGRIVIER AND WITSAND

Notice is hereby given that the following restrictions be implemented in the above-mentioned towns with immediate effect, due to drastic decline of the Korentepoort Dam at Riversdale and the Duivenhoks Dam at Heidelberg. Currently, the prospects for rain is not good:

1) **The watering of gardens with a garden hose or irrigation system is prohibited between 08:00 in the morning and 16:00 in the afternoon.**

2) The washing of vehicles with municipal clean water will be allowed on Mondays, Wednesdays and Fridays between 17:00 and 19:00.

3) Hosing of any hard surface with municipal purified water is forbidden.

Your friendly co-operation will be appreciated. All residents are warned to use water sparingly and to co-operate to realise water savings. Water is precious and must be treated as such.

ELEKTRISITEITSTARIEWE

Die riglyne wat ontvang is vanaf NERSA, bepaal dat munisipaliteite glyskale vir hulle residensiële verbruikers moet implementeer. Die argument daarvoor is dat daar 'n tekort aan krag is en dat verbruikers dit spaarsamig en oordeelkundig moet gebruik. Die verbruiker kan dus sy eie rekening beheer deur krag spaarsamig te gebruik en word hoë verbruike ontmoedig deur die tarief hoër te maak namate die verbruik styg.

Die Eskomrekening maak net 'n klein gedeelte van die tariewe uit en is die grootste faktor in die bepaling van die tarief personeelkoste, onderhoud, kapitaalkoste ens.

93.8 FM
WEDNESDAY
17:00 - 18:00

Indien u enige aangeleentheid onder ons aandag wil bring, kontak die munisipaliteit by die volgende nommers /
For any enquiries or assistance, please contact the municipality at the following numbers:

HOOFKANTOOR / HEAD OFFICE

Riversdal
Tel: 028 713 8000
Faks: 028 713 3146
info@hessequa.gov.za
www.hessequa.gov.za

STREEKKANTORE / REGIONAL OFFICES

Albertinia
Tel: 028 735 8000
Heidelberg
Tel: 028 722 8100
Stilbaai
Tel: 028 754 6000
Gouritsmond
Tel: 028 745 3129
Slangrivier
Tel: 028 722 2503

HESSEQUA TOERISME
Tel: 028 713 8071
www.hessequa.net

Dates for Mayoral Outreach Meetings in April 2012

16/04/2012 Riversdale
17/04/2012 Gouritzmond; Albertinia
18/04/2012 Heidelberg
19/04/2012 Witsand; Slangrivier
23/04/2012 Jongensfontein, Stilbaai; Melkhoutfontein

YOUR VOICE IN PARADISE
EDEN fm

Honde Op Strande

Daar word deurlopend wetstoepassing van al ons verordeninge gedoen, maar dit is veral optrede teen honde eienaars wat oortree wat gereeld in die pers of in korrespondensie kommentaar uitlok.

Die toepassing van die verordening wat verband hou met oorlaste en die aanhou van diere, spesifiek art 19 (1), word deur baie inwoners en vakansiegangers verwelkom of word daar versoek dat daar selfs nog strenger opgetree word terwyl daar ander is wat ontevrede is en 'n verslapping van die toepassing van die verordening versoek of dat die verbod ten opsigte van honde op strande heeltemal opgehef word.

Daar is verbodtekens by al die swemstrande aangebring en die kwessie is al by herhaling in die Beskermingsdienste brokkie geplaas om die gemeenskap in te lig dat honde op strande verbode is. Daar is ook verseker dat vakansiegangers deur middel van die vakansiegids ingelig is hieroor.

Die persepsie dat honde slegs op Blouvlagstrande verbode is, is verkeerd. GEEN honde word op ENIGE swemstrand of daar waar gebaai word, toegelaat nie, ongeag of die strand Blouvlagstatus geniet al dan nie en ongeag of die hond aan 'n leiband is al dan nie.

Alhoewel daar baie versoeke is dat honde op geen strand toegelaat word nie, sal boetes nie uitgereik word indien die hond op 'n openbare plek wat strande en wandelpaadjies insluit, aan 'n leiband en onder direkte beheer van die eienaar of hanteerder is en 'n sakkie vir die verwydering van uitwerpsel op aanvraag getoon kan word.

Daar is nie spesifieke afgebakende gebiede waar daar 'n algehele verslapping van die verordening geld nie, maar wetstoepassers word nie op afgeleë plekke ontplooi nie. Daar word verwag dat honde eienaars ook afgeleë strandgebiede sal respekteer en in elke geval altyd 'n sakkie byderhand moet hou vir verwydering van uitwerpsel.

Daar is die afgelope tyd baie klem gelê op die verantwoordelikheid van 'n raad om 'n veilige omgewing daar te stel na 'n kind op Clifton strand deur 'n hond aangeval is.

Die raad het besluit dat daar nie 'n verslapping van die toepassing van die verordening rakende oorlaste en die aanhou van diere ten opsigte van honde op strande toegelaat word nie.

Speaker Leon Fourie

'n Saak wat my al vir baie jare pla, is die ongedissiplineerdheid van die voetgangers en fietsryers van Riversdal. Gaan ons eers wag vir ongelukke met tragiese gevolge voor iets gedoen word?
Die padverkeerswet bepaal dat voetgangers op die sypaadjies moet loop. Waar daar nie sypaadjies is nie, of waar die sypaadjies nie gangbaar is nie, moet die voetganger aan die regterkant van die ryvlak, m.a.w met sy/haar gesig na die aankomende verkeer loop. Op daardie manier kan die voetganger betyds padgee vir aankomende verkeer.
Dit is uiters gevaarlik, soos mens so dikwels veral in Hoofstraat sien, dat voetgangers skuins oor die straat stap en dan nog met die rug na aankomende verkeer. Ek sien so dikwels jong moeders met 'n stootwaentjie in die ryvlak loop op plekke waar daar wel 'n sypaadjie is. Ek het altyd geleer dat as jy saam met jou vrou of kind stap, jy altyd aan die gevaarkant moet stap. Indien daar dan 'n probleem kom kan jy hulle beskerm teen die gevaar.
Dit gebeur so maklik dat 'n motoris net vir 'n oomblik nie konsentreer nie. As jy of jou kind in die pad is kan die gevolge so tragies wees. Dit is reg dat motoriste op die uitkyk moet wees vir voetgangers, maar dit maak nie 'n voetganger wat doodgery is weer lewendig nie.
Nog 'n saak wat my baie bekommer is die baie fietsryers, veral jong kinders, wat op die sypaadjies ry. In Kerkstraat se besigheidsarea jaag fietsryers baie dikwels roekeloos op die sypaadjies. Dat mense nog nie ernstig beseer is nie, is net 'n wonderwerk. Fietsryers, dit is 'n kriminele oortreding om op 'n sypaadjie te ry.
Ek wil 'n beroep doen op skole en ouers om hul kinders oor die gevare in te lig en op te voed. Dit kan dalk net help om nog 'n fatale ongeluk te voorkom.

Deernis Hulpbehoewendes

Hessequa Munisipaliteit nooi debiteure uit om van die deernishulpprogram gebruik te maak.
Kwalifiserende vereistes waaraan die aansoeker moet voldoen:
1) 'n Inwoner binne die Hessequa munisipale gebied wees.
2) Oor 'n geldige RSA ID beskik.
3) Dat die bruto maandelikse inkomste van die aansoeker, wat ook insluit die bruto inkomste van die eggenote/saamleefmaat, huurgelde ontvang van loseerders en kinders asook 5% van inwonende kinders se bruto inkomste, nie die bedrag soos deur die Munisipaliteit bepaal (2011/12) R3 500 oorskry nie.
4) Besit nie luukshede, bv. DSTV nie
5) Besit nie twee of meer voertuie nie, met 'n markwaarde elk van R50 000 of meer.
6) Moet die eienaar of huurder wees wat munisipale dienste ontvang en geregistreer is as 'n rekeninghouer op die munisipale finansiële stelsel
7) Enige bewoner of inwoner van die enkele huishouding waarna hierbo verwys word mag nie meer as een eiendom besit bykomend tot die eiendom ten opsigte waarvan hulpbehoewende bystand verskaf word nie, met uitsluiting van eiendom wat ingevolge artikel 9 van die Wet op Plaaslike Owerhede toegewys is.

Nuus van Departemente

Hondelisensie
Honde eienaars word weereens daaraan herinner dat hondelisensies jaarliks betaalbaar is by die skutmeester of enige munisipale toonbank in die Hessequa streek. Die kwitansie moet goed bewaar word en op aanvraag getoon kan word as enigste bewys dat die hondelisensie wel uitgeneem is. Die besluit om nie 'n hondeplaatjie uit te reik nie is deur die raad her-bevestig. Die publiek moet daarop let dat die versuim om 'n hondelisensie uit te neem ook met 'n boete strafbaar is. Die 12 maande periode vir 'n hondelisensie loop saam met die munisipaliteit se finansiële jaar naamlik 01 Julie tot 30 Junie. Dit is dus nog nie te laat om nou 'n hondelisensie uit te neem vir die 2011/2012 boekjaar nie.

Rooiaas op Stilbaai
Hessequa Munisipale werkers het ingespring om die rooiaas wat op Stilbaai en Jongensfontein se strande uitgespoel het, op te tel en die strande skoongemaak. Die rooiaas is in sakke geplaas en op stortingsterreine begrawe.
Kusgebiede, veral onder die hoogwatermerk en die tussengety area, wat onder die beheer van Mariene- en Kusbestuur ressorteer is hoofsaaklik waar die rooiaas uitspoel.

Finansiële state 30 Junie 2011
Die munisipaliteit se fi-nansiële state op 30 Junie 2011 toon 'n surplus van R7,6miljoen. Hierdie surplus sluit egter kapitaal subsidies en 'n eenmalige te boekstelling van historiese bates in. Die onderstaande uiteensetting toon dat die munisipaliteit na die terugtelling van bogenoemde, met 'n tekort van R8,4miljoen afgesluit het.

Surplus soos op 30 Junie 2011 per finansiële state
R7 675 811

Min: Kapitaal toekennings
ingesluit
R7 841 933

Min: Te boekstelling van Historiese Bates
R8 326 375